## DAG 71-Voorwaardes vir Herlewing: …SIEN DIT

Rom 8:24 Want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog?
**Rom 8:25** Maar as ons hoop wat ons **nie sien** nie, dan wag ons daarop met volharding.

Rom 8:24 And this hope is what saves us. But **if we already have** what we hope for, there is no need to keep on hoping.
**Rom 8:25** However, we hope for something **we have not yet seen**, and we patiently wait for it.

**LEES WEER: Heb 11:1**
**Heb 11:1** NOW FAITH is the assurance (the confirmation, the title deed) of the things [*we*] hope for, being the proof of things [*we*] do not see and the conviction of their reality.

***Faith is perceiving as real fact what is not revealed to the senses.***

El Roi (God wat sien), ons erken dat ons steeds baie min begrip het van wie U is, omdat ons min tyd bestee net om in gebed stil te wees voor U, en om U Woord deeglik te bestudeer. Ons doen dikwels Bybelstudie net om onsself te laat beter voel of 'n bemoedigende word vir ons eie omstandighede te soek! Leer ons deur u Heilige Gees om die dieper waarhede in die Skrif te ontdek! Laat ons gereeld tot U bid, nie vir ons eie voordeel nie, maar slegs omdat U waardig is.

### Stof tot Nadenke…

Die eerste stap na 'n goeie geestelike oes is om die braakland om te ploeg.
Die tweede stap is om sade van geregtigheid te saai.
Die derde stap is om te wag vir die oes – 'n tyd om die Here te soek.
Die vierde stap is wanneer die oes ryp word – God alleen kan dit laat gebeur.
Die finale stap is om die oes in genade in te samel.
Uittreksel: Baptise with Fire by Arthur Skevington Wood.

### Onophoudelike Gebed:

*Vader, kyk U na my?*

## DAG72-Voorwaardes vir Herlewing: …SIEN DIT

**2Kor 5:7** Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.

**AMPL - 2Cor 5:7** For we walk by faith [*we regulate our lives and conduct ourselves by our conviction or belief respecting man's relationship to God and divine things, with trust and holy fervor; thus we walk*] **not by sight or appearance.**

**MESSAGE - 2Cor 5:7** It's what we trust in but don't yet see that **keeps us going.**




Here ons God, U is ons bron, ons Voorsiener, die God wat Herlewing stuur, baie keer wil ons eers SIEN voordat ons sal Glo, ons wil eers die water sien uitkom voordat ons U as bron van lewende water sal erken.GELOOF IS DIE HAND WAT DIE KRAAN OOPMAAK met in my hart 'n VASTE VERTROUE op die dinge wat ek hoop, 'n BEWYS van die dinge wat ek NOGNIE kan sien nie. (Heb 11:1)
Here ons bely volgens Joh 4:14 ,*elkeen wat drink van die water wat U ons sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat U ons sal gee, sal in ons word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.*

### Stof tot Nadenke…

Mense wat wil bid, bid. Hulle argumenteer nie oor gebed nie; hulle moedig nie net ander aan om te bid nie. Hulle bid.
**Uittreksel: Revival Prayer deur Leonard Ravenhill**.

### Onophoudelike Gebed:

*Here God, help my om u geregtigheid te verstaan.*

## DAG 73-Voorwaardes vir Herlewing: …SIEN DIT

Geseënd is dié wat **rein van hart** is, want **hulle sal God sien** (Matt.5:8).

**Psa 24:3-5** Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige plek? Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie. **Hy sal seën wegdra van die HERE** en geregtigheid van die God van sy heil.

**AMPL - Mat 5:8** Blessed (happy, enviably fortunate, and spiritually prosperous--possessing the happiness **produced by the experience of God's favor** and especially **conditioned by the revelation of His grace**, regardless of their outward conditions) are the **pure in heart**, for **they shall see God!**

**MESSAGE - Mat 5:8** "You're blessed when you get your inside world--your mind and heart--put right. Then **you can see God** in the outside world.

**Open the eyes of my heart LORD ; I want to see YOU**

Deurgrond my O God en ken my hart , toets my en ken my gedagtes en kyk of daar by my ‘n weg is van smart, (WAT HERLEWING MIS) en lei my op die ewige weg,(WAT HERLEWING INSLUIT)..**Ps 139:23-24**
...Vader ons WIL U SIEN, geopenbaar in Heerlikheid in ons lewens , in ons gemeente, en in ons gemeenskap.

### Stof tot Nadenke…

Die Geesvervulde lewe word gekenmerk deur ‘n vryheid wat nederig en standvastig is; deur ‘n liefde vir vyande wat geen griewe koester nie en daarop gerig is om ander te verwelkom.
**Uittreksel: Quest for the Highest deur J.E. Church**.

### Onophoudelike Gebed:

*Vader, help my om geregtigheid en nederigheid na te streef...*

## DAG 74- Voorwaardes vir Herlewing: …SIEN

Act 28:27 Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor, en **hulle oë het hulle toegesluit**, …
(1)...*sodat hulle **nie met hulle oë kan sien** en met hulle ore kan hoor en*
(2)...*met hulle verstand verstaan*
(3)...*en hulle bekeer en Ek hulle gesond maak nie (Hand.28:27).*

**Act 28:27** For the heart (the understanding, the soul) of this people has grown dull (stupid, hardened, and calloused), and their ears are heavy and hard of hearing **and they have shut tight their eyes**, so that
**(1)** they may not perceive and have knowledge and
**(2)** become acquainted with their eyes and hear with their ears and understand with their souls
**(3)** and turn [*to Me and be converted*], that I may heal them.

Isa 6:9-10 …. en **maak hulle ore swaar** en **bestryk hulle oë**, sodat hulle nie sien met hul oë ….

**MESSAGE - Isa 6:10** …., with fingers in their ears and blindfolds on their eyes, …

God wat onverdeelde trou eis, ons gebed is dat U ons help om te sien WIE U is en te SIEN WAT U vir ons wil doen, help ons dat ons nie deur ongeloof, onbelyde sonde of gebrek aan wysheid, ons eie oe toe te maak of te blindoek dat ons NIE kan sien, en NIE U stem kan hoor nie; Gee dat ons, ons gemeente en ons Gemeenskap U SIEN VIR WIE U WERKLIK IS...

### Stof tot Nadenke…

Die mees konstante faktore wat in alle herlewings teenwoordig is, is dringende, volhardende gebed, kragtige prediking en getuienis, en ‘n diepe belewenis van die teenwoordigheid en heiligheid van God. Dit lei tot ‘n diep oortuiging van sonde en bekering, gevolg deur uitbundige vreugde wanneer vrede met God gevind is.
**Uittreksel: I will pour out my Spirit deur R.E. Davies.**

### Onophoudelike Gebed:

*Here God Almagtig, ek soek u aangesig...*

## DAG 75-Voorwaardes vir Herlewing: …SIEN

Mat 28:17-19 En toe hulle **Hom sien**, het hulle Hom **aanbid**; maar sommige het getwyfel. …. En Jesus het nader gekom en **met hulle gespreek** en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. …. **Gaan dan heen,** maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

MESSAGE - Mat 28:17-19 The moment **they saw him** they **worshiped** him. …. Jesus, undeterred, went right ahead and **gave his charge**: "God authorized and commanded me to commission you: ….. **Go out** and train everyone you meet, far and near, in this way of life, marking them by baptism in the threefold name: Father, Son, and Holy Spirit.




Regverdige Regter, ons bid dat U aan ons guns sal bewys in hierdie tyd. Help Ons om U te SIEN vir WIE U is, te AANBID vir Wie U is, U STEM TE HOOR en te DOEN wat U van ons vra. Help ons om 'n 24/7 huis van gebed te vestig.
Ons vra dit, sodat alle mense U sal soek en u Naam sal verheerlik. Laat die aanbidding van u kinders dag en nag opstyg, totdat U op die wolke kom

### Stof tot Nadenke…

Herlewing kan op enige tyd, op enige plek of tot enige mens kom. God stort Homself uit op mense tot eer van sy Naam, wanneer Hy wil en waar Hy wil.
**Uittreksel: The Ten Greatest Revivals Ever deur Elmer Towns en Douglas Porter.**

### Onophoudelike Gebed:

*Here Jesus, mag alle nasies U soek.*

## DAG 76-Voorwaardes vir Herlewing: …SIEN DIT

Act 7:56 En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan.

**AMPL -Act 7:56** And he said, Look! **I see** the heavens opened, and the Son of man standing at God's right hand!



Vader help ons ook om soos Stephanus, selfs in die moeilikste van omstandighede, U heerlikheid te sien en te aanskou en U beloftes in besit te neem. **U word leer ons in Joh 16:33** Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

Wonderlike God, hoe verlang U nie dat ons as gemeente en al die die volkere van die aarde U sal aanbid , te spyte van omstandighede nie! Kom in hierdie dag en tyd opnuut na ons en leer ons om na U uit te reik. Wees elkeen genadig en barmhartig. Openbaar Uself aan ons en aan die nasies op U besondere manier, sodat hulle U sal vind net soos ons. Maak ons en hulle bewus daarvan hoe naby U is, hoe lieflik U is en hoe lief U die wêreld het.

### Stof tot Nadenke…

Geen herlewing het 'n skielike oorsprong nie. Agter die skielike uitstorting van die Gees is 'n proses wat soms jare geduur het; 'n reinigende en voorbereidende proses.
**Uittreksel: Handbook on Revival deur H.E. Schmul.**

### Onophoudelike Gebed:

*O Here Jesus, dat mense in ons land U sal soek en na U sal uitreik!*

## DAG 77-Voorwaardes vir Herlewing: …SIEN DIT

**Psa 8:3-6** As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het— **wat is die mens dat U aan hom dink**, en die mensekind dat U hom besoek? U het hom ‘n **weinig minder** gemaak as ‘n **goddelike wese** en hom met eer en heerlikheid gekroon. U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel:

AMPL ….Psa 8:3 When **I view** and **consider** …..

**Psa 8:3-4** I look up at your macro-skies, dark and enormous, your handmade sky-jewelry, Moon and stars mounted in their settings……Then I look at my micro-self and wonder, …..

**Psa 8:4** **What is man that You are mindful of him,** and the son of [*earthborn*] man that You care for him?
Psa 8:5 Yet You have made him but a **little lower than God a**nd You have **crowned him with glory and honor**.
Psa 8:6 You made him to have dominion over the works of Your hands; You have put all things under his feet…

Vader ons is maar so klein soos ‘n stofdeeltjie in vergelyking met die groot heelal wat U geskep het, tog is ons die kroon van U skepping! Dankie dat U, met ons bemoeienis maak, en dankie dat ons herlewing kan verwag want U wil dit vir ons gee. Help ons om onsself te sien as die “ontvangers” van God se heerlikheid want U het ons weinig minder gemaak as Uself. Help ons Vader om ons te heers oor die die Vlees, die dinge van die wêreld en die werke van die vyand.

### Stof tot Nadenke…

Mense wat in herlewing tot bekering kom, ervaar blywende bekering. Dit is oor en oor bevestig dat mense wat ‘n diepgaande oortuiging van hulle sonde in ‘n tyd van herlewing beleef het, vir jare na hulle bekering getrou bly. Hulle het ‘n ewige eerbiedende ontsag vir God en ‘n standhoudende liefde vir Christus. Hulle het ook ‘n dieper begrip van en waardering vir die genade van God.
**Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.**

### Onophoudelike Gebed:

*Here Jesus Christus, openbaar Uself aan my.*

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

"Die Gees van God het die spreker gevul met 'n volheid wat uitgestort moes word. Die mense het in absolute stilte vasgenael gestaan. Vyf honderd manne en vroue, van wie sommige uit die ryker dele van die samelewing en ander weer armoedig en bedelaars, is op die plek bekeer, en het van daardie dag af geleef soos mense wat inderdaad 'n nuwe hart en 'n nuwe gees ontvang het. Die herinnering aan daardie dag het nooit gesterf nie en selfs die oorvertel van die gebeurtenis is 'n bron van herlewing." **John Shearer – Scotland, 1630.**

## SELGROEP – WEEK 11

**1.** Wat het jou die meeste geraak hierdie week ? _____

_____

**2. HET JY AL GEDINK DAT AS JY DIE SON SIEN SKYN , DAN IS DAAR NOG HOOP DAT GOD SY ANDER BELOFTES SAL VERVUL - Ecc 11:7-8** Verder, soet is die lig, en **goed is dit vir die oë om die son te aanskou.** Want as die mens baie jare lewe, moet hy hom in dié almal verheug en dink aan die dae van duisternis, dat dit baie sal wees; alles wat kom, is nietigheid._____

**3. PARTYKEER MOET ONS VASSTAAN** OM TE SIEN , en NIE te gou opgee nie. - Exo 14:13 ;2Kron 20:17.; Efes 6: 14 ; Kor 1:24 ; Gal 5:1 ; 2 Thess 2:15

**4. Job 27:12** Kyk, julle het **dit** almal self aanskou, en waarom koester julle dan 'n ydele hoop?
**"WAT IS "DIT"** ? - LEES VERS 11 : Ex 13:14; Ps123:2 ; Jes 59:1 ; Jes 66:2 ; Jer 18:6 ; Luk 1:66 ; Hand 11:21

**5. ONS SIEN GOD DUS IN DIE DINGE WAT HY DOEN - Psa 66:4-5** Laat die hele aarde U aanbid en psalmsing tot u eer; laat dit u Naam verhef in psalmgesang. Kom en aanskou die dade van God, Hy wat gedug is in werking oor die mensekinders.

**6. MAAR ONS MOET EERDER SY AANGESIG AANSKOU**
**Isa 33:17** Jou oë sal die Koning in sy skoonheid aanskou, dit sal 'n wyd uitgestrekte land sien. – Hand 3:19 ; 1 Pet 3:12 ; **Psa 63:2-5**; Ps 4:6 ; **Num 24:17** ; Mat 2:2 Rom 15:12 ;*Isa. 11:1, 10; Rev. 5:5; 22:16.*]

*VISIE :*
**SIEN GOD VIR WIE HY IS VANDAG**